# DIE ROEKELOSE MANNEKYN

★ ★ ★

Henk Human Reeks (6)

★ ★ ★

Jef van Staden

Suid-Afrika is besig om sy verdediging uit te brei. Ons vyande wil graag alles daarvan weet—watse wapens ons aanskaf, waar die nuwe wapenfabrieke gaan kom, en so meer.

Vir dié doel gebruik hulle 'n roekelose, maar pragtige mannekyn. Wat gebeur as sy daarin slaag om 'n hooggeplaaste Staatsamptenaar in haar kloue te kry en hom begin afpers?

U sal elke bladsy van hierdie verhaal geniet. As Henk Human eers met die roekelose mannekyn se bende slaags raak, word die spanning amper ondraaglik.

Dis wonderlike leesstof.

Henk Human

# DIE ROEKELOSE MANNEKYN

*deur*

JEF VAN STADEN

*Uitgegee deur*
PRONKBOEKE
POSBUS 972, JOHANNESBURG
1962

## INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Die Diplomaat kom Huis toe | 5 |
| 2. | Verleidster | 14 |
| 3. | 'n Moontlike Plan | 25 |
| 4. | Onverwagte Besoek | 32 |
| 5. | Bloedhoue | 42 |
| 6. | Hulle uitoorlê My | 50 |
| 7. | Hulle het die Planne! | 59 |
| 8. | Helder oordag Betrap | 68 |
| 9. | Eerste Ontploffing | 75 |
| 10. | Nou is dit klaar met Jou | 83 |
| 11. | Finale handgemeen met Helena | 91 |
| 12. | Laaste Woorde | 99 |
| 13. | Du Plooy en Elsa | 105 |


Hoofstuk 1

## DIE DIPLOMAAT KOM HUIS TOE

*EX Africa semper aliquid novi . . .*

Dis die enigste Latynse gesegde wat die meester nog destyds in die tweeman-skooltjie op 'n rysmierbult van die Transvaalse Hoëveld in my lang kop kon kry . . . ek bedoel twee kweperlatte later nadat ons met „amo. . . amas. . ." begin het.

„Ek" is Hendrik Da Gama Human, gesetel in my skoendoos-kantoortjie in Aasvoëlstraat, Pretoria. En buite, bokant die venstertjie, in die rykste skakering van neonligte swaai my uithangbordjie (ek betaal nog af op die rekening).

Wat op die uithangbordjie staan?

Hier volg dit : „*Konsultasies kosteloos. Ek ondersoek mans, vroue en vryers. Persone opgespoor. Ek kan u help om gemoedsrus te vind.*"

Maar moenie geskok wees nie, vriende, as ek julle meedeel dat die vreemdste, die afwykendste, die eienaardigste visse kom byt aan daardie stukkie aas wat bokant my smal venstertjie in die soel hitte van Pretoria hang.

Die ou Romein kon netsowel gesê het : *Ex Pretoria semper aliquid novi*, overgeset synde : Uit Pretoria kom daar altyd iets nuuts.

As jy so langs die breë sypaadjies van ou Kerkstraat afslenter en jy sien die jong mammas met hulle kroos, die staatsamptenare met hulle bruinpakkies, die Griek wat agter sy stapels sjokolade staan en droom . . . dan dink jy hier kan nooit iets skeef loop in hierdie stad van jakarandas nie.

„Stadig, stadig . . ." sê ek. „Hou net so 'n slaggie vas."

Dis net presies wat ek gedink het . . . na jare van swerf

heinde en verre in die kroeë van Europa, tussen die „cowboys" van Texas en die lamas van Tibet . . . om nie eens te praat van die geisha-astertjies van Tokio nie.

En net toe ek kruisbeen in my kantoortjie sit en meen dat my baard hier gaan groei in hierdie stad van die Voortrekkers, toe wentel Elsa Enslin, soos 'n middelpuntvliedende stuk van 'n ruimtekapsule in my eensaamheid in . . . en van daardie oomblik af vat ek met lang bene en al net hier en daar grond.

Vandat John Glenn en Juri so om ons ou planeetjie gery het, is ons mos almal se buurman, Indiër, Jood en Slamse en die res ook nog by.

En hierdie kontak, hierdie feit dat jy nou speel-speel kan gaan naweek hou in Soho en Maandagoggend weer inval in Vermeulenstraat agter die walle van lêers, bring mee dat 'n bonte menigte karakters in die hoofstad krioel . . . en nie almal is met goeie bedoelings hier nie . . . en allermins bevorder hulle aanwesigheid gemoedsrus . . . so ek is nie onledig nie . . .

Neem nou maar die geval van Berend Alswyk du Plooy, nog 'n staatsamptenaar . . . en kyk bietjie hoe het die tande gekners voordat ons met daardie spektakel klaar was . . .

*

Dis 'n hersfdag so skoon en helder soos jy hom maar net kan kry op die Transvaalse Hoëveld. Die windjie uit die suide kielie kielie so aan die Republiek se vlag by die uitkyktoring van Jan Smutslughawe.

En dan uit die blou oneindigheid van Afrika se hinterland skiet die reuse straler te voorskyn. Nog 'n interkontinentale lugreus met rustelose siele aan boord wat kom en gaan.

„Ou vroutjie, dink net daaraan, ons is *tuis !*"

En Berend Alswyk du Plooy rek sy lang nek om deur die ronde venstertjie van die straler te kyk.

„Tuis, tuis," antwoord sy vrou Natalie, „ek kan dit



skaars glo. Vier jaar in die buiteland en nou is ons weer terug in die ou Transvaal."

„*Hi, bud,*" skril die stem van hulle driejarige seun Flek bokant die gedreun van die straler se motore uit. „*This Africa?*" en Berend en Natalie lag albei saam want hierdie knaap van hulle het nou vir die eerste keer sy vaderland te sien gekry.

„Nou word jy 'n boertjie, *buddie,*" beduie Berend nog vir sy enigste kind. „Vergeet nou maar 'n slag van die *telly* en die *Texans.*" En toe stryk die straler neer.

Die Du Plooys kom gou deur die doenae-formaliteite en minute later sit hulle reeds in die taxi op pad na die hoofstad.

„Dit sal darem seker vir ons stil wees in Pretoria na die jare van gewoel in Manhattan," sê Berend du Plooy toe hulle reeds die Uniegebou kan sien.

„Ag, ou skat, ek is van plan om die rus te geniet. Vaderland, die gejaag in New York, die kelder-bouery teen die megatonbom-aanvalle, wat hulle elke oomblik verwag . . . die lewe in daardie betonoerwoud . . ."

Berend du Plooy lag. Hy trek sy broekspype effens op sodat dit nie sal verkreukel nie en voel of sy spoggerige Amerikaanse strikdassie in skerp geel en kersie-rooi kleure nog mooi sit. Dan stryk hy 'n fyn wit hand oor sy slape waar sy golwende swart hare net so 'n tikkie grys begin wys.

„Ek het nogal gehou van die Amerikaanse manier," sê hy. „Dit kom mos naderhand in jou bloed . . . maar ek sal seker genoeg te doen kry in my nuwe pos."

Die taxi hou voor 'n tamaai blok woonstelle in Arcadia stil. Dis nog maar net 'n rapsie na elf, merk Berend. Hulle kan nog gou bietjie nes skop in die woonstel wat hy reeds bespreek het . . . en dan kan hy straks 'n draai gaan maak by sy hoofkantoor.

Die Du Plooys vind tot hulle verbasing dat hulle meubels reeds in die woonstel is, dat daar selfs vars blomme geplaas is sodat daar nie veel vir hulle te doen is om gou tuis te voel nie.

„Dis seker Lidia wat alles so gereël het," sê Berend toe hulle die woonstel deurgestap het. „Dis darem 'n bedagsame suster van jou daardie, Natalie. Jy het haar geskenk saamgebring, nê?"

„Ek het," kom die antwoord.

„Ek gaan sommer nou by die kantoor omstap. Dis nie ver hiervandaan nie," sê Du Plooy en vat sy swart Tiroolse hoed.

„Sien jou later, mannetjie," groet Natalie.

Berend du Plooy stap by die blok woonstelle uit. Die strate, die mense, die geboue, alles lyk vir hom anders en hy besef dat vier jaar 'n lang tyd is. Selfs Pretoria het groot veranderings ondergaan. Hy dink terug aan die dag vier jaar gelede toe hy as skugtere amptenaar die eerste keer na 'n buitelandse missie vertrek het. En hy voel trots as hy dink hoe fluks hy gevorder het.

En toe hulle hom 'n maand gelede van hoofkantoor af laat weet het dat hy terug verplaas word met bevordering na 'n baie senior pos, het hy op twee gedagtes gehunker. Daar was die eer wat hom aangedoen is, maar daar was ook die bleek vooruitsig om terug te kom na die stroewe atmosfeer van die hoofstad.

Waar kry jy in Pretoria nou 'n Greenwich Village waar jy so bietjie ontspanning en afleiding kan gaan soek in daardie „grotte" waar daar nie iets in die wêreld is waaraan hulle nie dink om jou te vermaak nie?

En sal Pretoria ooit die gelyke van Coney Island kan hê, om nie eers te praat van die diplomatieke onthale waar jy nooit kon seker wees of die ambassadeur van Thailand nie die gesant van Bolivia in die hare gaan vlieg as hulle aan die stry raak oor watter een van hulle lande die mooiste nooiens lewer nie?

Maar uiteindelik het hy besluit om die hoër betrekking te aanvaar. Veral toe hy meegedeel is dat hy in bevel van 'n hele afdeling sou staan wat spesifiek sou handel met ondermynende bedrywighede en die bekamping van spioenasie.

Dit, het hy besluit, kan dalk opwindend wees en die strakke atmosfeer van Pretoria aansienlik ophelder.



„Nou toe nou, jy lyk mos nes 'n internasionale diplomaat, ou Berend," sê mnr. Bosman le Grange, die Sekretaris van die Departement, toe hy Du Plooy groet.

„Goeie dag, mnr." sê Berend met so 'n stywe buiginkie wat eintlik al tweede natuur by hom geword het. „En dankie vir die kompliment."

„Sit, sit, Du Plooy, mag, ek is bly jy is hier."

„Ek het so vinnig as ek kan gekom, mnr.; daar is seker baie werk in die nuwe afdeling?"

Mnr. Bosman le Grange word skielik ernstig. Hy vou sy groot hande saam en praat sagter nadat hy seker gemaak het dat niemand voor die deur rondstaan nie.

„Dis nie net die werk om die nuwe afdeling behoorlik op die been te kry nie, Berend. As dit maar al was sou dit nie te erg gegaan het nie. Maar dis dat die land skynbaar op die oomblik wemel van spioene. Suid-Afrika het skielik 'n brandpunt geword. Daar is baie vyande wat wil weet wat ons doen veral ten opsigte van verdediging."

„So," sê Berend, „en die nuwe afdeling, sal dit moet help om te keer dat geen geheime inligting uitlek nie?"

„Baie beslis, ja. Die Eerste Minister het opdrag gegee dat ons baie versigtig moet loop. Jy weet die internasionale toestand bly plofbaar."

„Ek weet dit maar alte goed. Oorsee is die spioene nog selfs bedrywiger. Wanneer moet ek inval?"

„Môre," sê mnr. Bosman le Grange, „môre. Ek weet dis bra gou aangesien jy maar net vandag hier aangeland het . . . maar ek is bevrees jy sal môre moet inval, jy sien die Regering het verlede week besluit op die bou van twee groot wapenfabrieke en die aankoop van die allernuutste straalvegters. En ons weet dat daar sekere kwaadgesinde lande is wat dolgraag wil weet waar hierdie fabrieke gebou gaan word, wat hulle presies gaan vervaardig."

„Ek sien," antwoord Du Plooy, „ek het nie gemeen dis so ernstig nie. Maar ek is reg vir môre."

Mnr. Bosman le Grange staan op. Hy stap agter om die lessenaar en na sy kantoordeur. Hy sluit die deur van binne en draai om.

„Terwyl jy hier is, Du Plooy, gaan ek jou somar noual 'n insae laat kry tot die geheime verdedigingsplanne. Jy is en was nog altyd een van ons betroubaarste amptenare, so dis nie vir my nodig om jou daaraan te herinner dat hierdie dokumente natuurlik as uiters geheim beskou moet word nie."

„Ek verstaan," sê Du Plooy.

Die Sekretaris stap na 'n ingeboude brandkas links van sy lessenaar en sluit dit oop. Dan trek hy twee dik dokumente uit en kom sprei hulle voor Du Plooy oop op die lessenaar.

„Hier is die hele storie," sê hy vir Du Plooy, „kyk bietjie goed en dan sal jy die implikasies sien."

Du Plooy staar verslae na die kaarte en die syfers wat breedvoerig in die dokumente verskaf word.

„Maar dis mos 'n reuse projek dié," sê hy verbaasd, „ek het nooit gedroom dat die Regering sulke groot planne het nie. En enige vyandige spioen sal sy regterhand wil prysgee om hierdie inligting te bekom."

„Netso," antwoord mnr. Bosman le Grange, „en soos jy kan besef sal ons ons hande vol hê om dit nie te laat uitlek nie. Want daar sal natuurlik grootskaalse bouery moet plaasvind en dit beteken honderde van werkers en voormanne."

„Maar het ons die personeel om die nodige veiligheidsmaatreëls toe te pas?" wil Du Plooy weet.

„Dit gaan een van jou eerste take wees, Du Plooy, jy sal hulle moet fynkam en seker maak dat daar nie 'n saboteur deurglip en hier onder ons neuse kom werk nie."

„Ek neem aan dat ons nou gaan saamwerk met die Veiligheidspolisie?" vra Du Plooy.

„Ons gaan en in die verband wil ek jou net waarsku dat hulle hoof my verlede week verwittig het dat hulle reeds inligting ingewin het wat daarop dui dat 'n internasionale spioenasienetwerk van plan is om hulle aandag op Suid-Afrika toe te spits juis met die oog om uit te vind waar hierdie wapenfabrieke opgerig gaan word."

„Ek dink ek weet wie jy bedoel, mnr. en as dit so is gaan ons die wind van voor kry . . . want daardie mense word nie



maklik gestuit as hulle eenkeer hulle visier op 'n skyf gestel het nie. Ek het in die buiteland een en ander uitgevind oor hulle metodes."

„Ek onthou, jy het in 'n verslag daarvan melding gemaak. Wel, ons gaan ons nie laat omkrap deur wie ookal nie," antwoord mnr. Bosman le Grange baie beslis.

Hy vou die dokumente weer versigtig en sluit hulle in die brandkas weg. Dan as hy die sleutel in sy sak steek, kyk hy weer vir Du Plooy en nou is sy gelaat minder ernstig.

„Maar Du Plooy," begin hy, „hoewel ons 'n rowwe taak voor ons het moet ek jou darem 'n aangename stukkie nuus ook gee. Omdat jy so lank weg was en omdat jy sulke goeie diens vir jou land gelewer het het ons somar hier tussen ons besluit om jou vanaand paslik in die vaderland terug te verwelkom."

„Dis baie gaaf, maar ek glo nie ek verdien dit darem nie."

„Die idee het klein begin, ons wou dit eers somar so 'n vleisbraaiery maak, jy weet. Jy het seker lanklaas behoorlik beeshaas en boerewors geëet . . . maar jy is skynbaar meer gewild na al die jare as wat ek vermoed het. En somar in 'n ommesientjie moes ons 'n saal huur en ek is seker dat dit 'n hele party plus opskud gaan afgee. En hoe hou jy daarvan?"

„Skitterend, uitstekend," antwoord Du Plooy. „Waar en presies en hoe laat?"

„Die Mimosa-saal in die regtervlerk van die stadsaal en die verrigtinge begin om 8-uur. En moenie bekommerd wees nie, jy sal jou soutribbetjie nog kry ook hoewel ek verneem dat die pienk sjampanje ook gaan vloei."

„Mapstieks," sê Du Plooy, „dis lekker om weer 'n slag tussen 'n man se eie mense te wees."

Du Plooy stap terug na die woonstel. Hy dink aan die vooruitsigte op kantoor en besluit dat hy darem nie verveeld gaan wees nie. Want as hy dink aan die spioenasie-intrige waarvan hy in die Verenigde State gehoor het, dan behoort sy nuwe pos in Pretoria nie sonder sy hoogtepunte te wees nie.